Ons is op 'n Missie



Kleingroepe

Ons is op ’n missie

1. Ons is op ’n missie om… God se spesiale mense te wees
2. Ons is op ’n missie om… Sout vir die wêreld te wees
3. Ons is op ’n missie om… Lig vir die wêreld te wees
4. Ons is op ’n missie om… Ambassadeurs vir Jesus te wees
5. Ons is op ’n missie om… Fonteine van lewende water te wees
6. Ons is op ’n missie om… Suurdeeg en saad te wees
7. Ons is op ’n missie om… Getuies van Jesus se werk in ons te wees
8. Ons is op ’n missie om… Draers van hoop te wees
9. Ons is op ’n missie om… Vredemakers te wees

Omgeebyeenkoms 1

Op ’n missie om God se spesiale mense te wees

Mens tot mens

- Vertel vir mekaar van ’n troue of ’n verlowing wat iets besonders was? Dalk jou eie?
- Wat beteken dit as jy sê: “Ek het ’n persoonlike verhouding met die Here”?

DVD

Kyk na die DVD en lewer enige kommentaar daarop. Wat het julle getref?

Mens tot God

Nou het julle as groep die geleentheid om God te loof en te aanbid. Laat iemand ’n ‘n gebed doen voordat julle saam ‘n paar liedere sing.

God tot mens

- **Hosea 1:2-9**

Die Israeliete is ontrou aan die Here

2 ’n Inleiding tot die woorde van die Here deur die diens van Hosea. Die Here het vir
Hosea gesê: Gaan trou met ’n prostituut wat buite-egtelike kinders het, want die
land is besig om te hoereer, om heeltemal ontrou aan die Here te word. 3 Hosea het
toe met Gomer dogter van Diblajim gaan trou. Sy het swanger geraak en vir Hosea
’n seun in die wêreld gebring. 4 Die Here sê toe vir Hosea: Noem die seun Jisreël, want
Ek gaan binnekort die koningshuis van Jehu laat boet vir die bloedbad in die stad
Jisreël en Ek gaan die koningskap in Israel tot niet maak. 5 Dié dag sal Ek die leër van
Israel vernietig in die Jisreëlvlakte. 6 Gomer het weer swanger geraak en sy het ’n
dogter gekry. Die Here het toe vir Hosea gesê: Noem haar Sonder-ontferming, want
Ek gaan My nie weer oor Israel ontferm en hulle sonde vergewe nie. 7 Maar Ek sal My
oor Juda ontferm en Ek, die Here hulle God, sal hulle red. Ek sal dit nie doen met
wapens, oorlog, perde en ruiters nie. 8 Nadat sy vir Sonder-ontferming gespeen het,
het Gomer weer swanger geraak en ’n seun gekry. 9 Die Here het gesê: Noem hom
Nie-my-volk-nie, want julle is nie my volk nie en Ek is nie julle God nie.

- **Hosea 2:1-2**

[1]Kla julle moeder aan, kla haar aan! Sy is nie meer my vrou nie, Ek is nie meer haar man nie. Sy moet ophou om ontrou te wees en sy moenie meer owerspel pleeg nie, [2]anders trek Ek haar kaal uit en maak haar so weerloos soos op haar geboortedag. Ek sal haar soos 'n woestyn maak, soos 'n dor land, en sy sal van dors doodgaan.

- **Hosea 2:12-22**

[12]Ek gaan haar laat boet vir al die kere dat sy die Baäls gedien het en vir hulle geoffer het, vir al die kere dat sy haar uitgedos het met ringe en versiersels en agter haar minnaars aangeloop het en My vergeet het, sê die Here. [13]Tog sal Ek weer begin om haar die hof te maak. Ek sal haar na die woestyn toe bring en mooi dinge vir haar sê. [14]Wanneer ons daar is, sal Ek weer vir haar wingerde gee, Ek sal die Akorlaagte 'n poort na 'n nuwe toekoms maak. Dan sal sy weer my liefde beantwoord soos toe sy jonk was, soos toe sy uit Egipte getrek het. [15]Dié dag, sê die Here, sal jy vir My sê: "My man," en My nie meer as 'n Baäl beskou nie. [16]Ek sal sorg dat jy die name van die Baäls nie weer noem nie en dat jy hulle nooit weer aanroep nie. [17]Dié dag sal Ek vir Israel 'n ooreenkoms sluit met die wilde diere, die voëls en alles wat op die grond kruip. Ek sal die wapens vernietig en 'n einde maak aan oorloë in die land sodat daar rus en vrede kan wees. [18]Ek gaan jou my bruid maak vir altyd. Ek gaan jou aan My bind deur my weldade en my goeie sorg, deur my liefde en my ontferming. [19]Ek gaan jou aan My bind deur my onverbreekbare trou sodat jy aan My, die Here, toegewy sal wees. [20]Dié dag sal Ek antwoord, sê die Here. Ek sal die lug antwoord en dié sal die grond antwoord. [21]En die grond sal antwoord met koring, wyn en olie vir Jisreël. [22]Ek sal my ontferm oor Sonder-ontferming en haar vrugbaar maak in die land. Ek sal vir Nie-my-volk-nie sê: "Jy is my volk," en hy sal vir My sê: "My God."

1. Wat hoor jy in hierdie gedeelte? Wat wil die Here vir jou sê?

   _____

   _____

2. Hoe erg is die Here se ontsteltenis as ons aan Hom ontrou is?

   _____

   _____

3. Watter afgode is daar wat Christene vandag versoek?

_____

_____

4. Watter seën is daar in 'n baie hegte verhouding met die Here?

_____

_____

5. Vergelyk Hosea 2:22 met 1 Petrus 2:10 [10] *Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God. Julle het tóé geen barmhartigheid ontvang nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys.*

_____

_____

6. Wat gaan jy besluit na dit wat jy vandag geleer het?

_____

_____

Mens tot medemens

- Hoe kan jy iemand benader wat aan die Here ontrou geword het?

_____

_____

_____

_____

- Kyk ook na ons gemeente se gebedsbehoeftes en ander persoonlike behoeftes van die groep en doen voorbidding daarvoor.

_____

_____

_____

_____

Omgeebyeenkoms 2

Op ’n missie om sout vir die wêreld te wees

Mens tot mens

- Deel een laagte- en een hoogtepunt wat jy die afgelope week beleef het.
- Was jy al uitgenooi na ’n funksie en toe jy die gaste sien, besef jy dat jou kleredrag nie die regte keuse was nie? Hoe het jy reageer? En indien jy nog nie in so ’n situasie was nie, hoe dink jy sou jy reageer?

DVD

- Kyk na die DVD en lewer enige kommentaar daarop. Wat het julle getref?

Mens tot God

Kom ons loof en prys die Here! Kies vooraf ’n paar liedere, begin met lofliedere en gaan dan oor na ’n aanbiddingslied of twee.

God tot mens

Die gedeelte wat ons nou gaan lees is geskryf deur die einste Petrus wat op die water geloop het, Jesus verloën het en die eerste preek gelewer het waar daar duisende tot bekering gekom het. Die brief is geskryf aan gelowiges wat gevlug het uit Jerusalem en wat verspreid woon in verskillende lande in Asië en klein Asië.

Petrus skryf aan die mense in die vreemde om hulle moed te gee en ook om hulle te help om hulle roeping onder die ongelowiges te verstaan.

Kom ons lees 1 Petrus 2:11-17 twee maal en dan gesels met mekaar oor wat dit vir ons beteken in die wêreld waarin ons lewe?

Gedra julle altyd goed

[11]Geliefdes, in die wêreld is julle vreemdelinge en bywoners. Daarom dring ek by julle daarop aan om nie aan sinlike begeertes toe te gee nie. Dit verwoes net 'n mens se lewe. [12]Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening. [13]Omdat die Here dit wil, moet julle julle onderwerp aan elke menslike owerheid, of dit nou die keiser as hoogste gesag is [14]of die goewerneurs as sy gevolmagtigdes wat dié wat kwaad doen, moet straf, maar dié wat goed doen, moet prys. [15]Dit is die wil van God dat julle deur goed te doen, 'n einde sal maak aan die kwaad wat mense sonder begrip uit onkunde praat. [16]Julle is vry, maar moenie julle vryheid gebruik as dekmantel om kwaad te doen nie. Gebruik dit om God te dien. [17]Julle moet alle mense respekteer en julle medegelowiges liefhê. Vrees God. Eer die keiser.

Lees ook Matteus 5:13a

"Julle is die sout van die aarde. Maar as sout verslaan het, hoe kry mens dit weer sout?"

1. Wat lees jy in hierdie brief aan die gelowiges wat vir jou spesiaal is?

   _____

   _____

2. Wat dink jy is jou roeping in die wêreld waarin jy leef en werk?

   _____

   _____

   _____

3. Op watter manier kan ons as gelowiges die goeie, soos sout, preserveer en soos sout wonde help genees?

   _____

   _____

   _____

   _____

4. Sout dring binne en bring die beste smake na vore. Hoe kan ons as gelowiges ook hierdie eienskap van sout uitleef?

_____
_____
_____

5. Waarvoor moet die groep vir jou bid met betrekking tot jou rol as gelowige tussen mense wat jou soos 'n vreemdeling behandel?

_____
_____

Mens tot medemens

- Hoe gaan jy werklik sout wees? Wat gaan jy met ander woorde in jou lewe verander of doen om waarlik sout te wees?

_____
_____
_____

- Skryf hieronder jou lysie van mense vir wie jy wil bid wat nog nie die Here ken nie:

_____
_____
_____
_____

- Kyk ook na ons gemeente se gebedsbehoeftes en ander persoonlike behoeftes van die groep.

_____
_____
_____
_____
_____
_____

Omgeebyeenkoms 3

Op ’n missie om lig vir die wêreld te wees

Mens tot mens

- Laat elkeen twee feite oor hom- of haarself gee. Een wat waar is en een wat vals is en kyk of die groep kan sê watter een van die twee waar is.
- Hoe het jy as kind oor die donker gevoel?

DVD

Kyk na die DVD en gesels met mekaar oor wat jy gehoor het.

Mens tot God

Kom ons loof en prys die Here! Kies vooraf ’n paar liedere. Begin met lofliedere en gaan dan oor na ’n aanbiddingslied of twee…

God tot mens

Lees Filippense 2:12-18

Ligdraers in die wêreld

[12]My geliefdes, julle was altyd gehoorsaam wanneer ek by julle was. Des te meer moet julle gehoorsaam wees nou dat ek nie daar is nie. Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe, [13]want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer. [14]Doen alles sonder kla of teëpraat. [15]Sorg dat julle bo alle verdenking staan en opreg bly, onberispelike kinders van God te midde van ontaarde en korrupte mense. Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld [16]deur die woord van die lewe uit te dra. Dan sal ek op die dag van Christus se koms rede hê om trots te wees, omdat dit sal blyk dat ek my nie verniet ingespan het nie en nie verniet geswoeg het nie. [17]Julle geloof is ’n offer in diens van God. Selfs al word my bloed daarby as drankoffer uitgegiet, is ek daaroor bly, ja, is ek saam met julle almal bly. [18]Om dieselfde rede moet julle ook bly wees, ja, saam met my bly wees.

1. Gee elkeen ’n beurt om vir die ander te vertel watter gedagte in die gedeelte vir hom of haar uitstaan

_____
_____
_____

2. Hoe voel jy die korruptheid en ontaardheid van die mense (vers 15) aan jou lyf?

_____
_____

3. Hoe kan jy jou lig laat skyn ten spyte van die donker wêreld om jou?

_____
_____

4. Vertel van ’n keer toe jy ’n verskil gemaak het

_____
_____

Mens tot medemens

- Laat elkeen vertel wat dit vir hom of haar moeilik maak om werklik hulle lig helder te laat skyn by die werk en in die samelewing.

_____
_____
_____
_____

- Wat kan julle doen om mekaar te help om makliker ‘n lig in ‘n donker wêreld te wees? En wat moet jyself doen.

_____
_____
_____
_____
_____

Sluit af met gebed.

Omgeebyeenkoms 4

Op ’n missie om ambassadeurs vir God te wees

Mens tot mens

- Vertel vir mekaar van ’n keer toe jy gestuur is om iets belangrik vir iemand anders te doen
- Wat dink julle is alles take waarvoor God ons in die wêreld instuur?

DVD

Kyk na die DVD en gesels daaroor met mekaar.

Mens tot God

Hoeveel respek het jy vir die Here? Waarvoor alles? As ons nou sing, kyk hoeveel van die dinge in die liedere genoem word.

God tot mens

Lees Johannes 13:12-17

[12]Toe Hy hulle voete klaar gewas en sy bokleed aangetrek het en weer aangesit het, sê Hy vir hulle: “Verstaan julle wat ek vir julle gedoen het? [13]Julle noem My julle Leermeester en Here, en julle is reg, want Ek is dit. [14]As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was. [15]Ek het vir julle ’n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen. [16]Dít verseker Ek julle: ’n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie, en ’n gesant ook nie belangriker as die een wat hom gestuur het nie. [17]Julle weet dit nou; gelukkig is julle as julle dit ook doen.”

1. Wat tref jou? Wat sê die Here spesifiek vir jóú in die gedeelte?

   _____

   _____

2. *Ambassadeurs van Jesus tree met gesag én liefde op. Met vertroue én diensbaarheid!* Bespreek die stelling

   _____

   _____

3. Waarin, dink julle, lê ware geluk (vers 17)?

_____

_____

4. Ons is God se verteenwoordigers (Genesis 1:27). Hoe moet ons Hom verteenwoordig?

   - By die werk

     _____

     _____

   - In ons huise?

     _____

     _____

   - Tussen vriende?

     _____

     _____

   - Ten opsigte van die natuur?

     _____

     _____

   - By die kerk?

     _____

     _____

5. Ek het vandag geleer of besluit:

   _____

   _____

Mens tot medemens

- Waar en hoe gaan jy hierdie week soos Jesus dien?

  _____

  _____

  _____

  Sluit af met gebed.

Omgeebyeenkoms 5

Op ’n missie om fonteine van lewende water te wees

Mens tot mens

- Van watter vreemde gebruike het jy al gehoor wat ander nasies het?
- Vertel van die vreemdste Christen wat jy al ontmoet het.

DVD

Kyk na die DVD en gesels daaroor.

Mens tot God

Kom ons loof en prys die Here! Begin eers met ’n paar lof- en dankgebede en sing dan liedere tot eer van die Here wat hier in ons midde teenwoordig is.

God tot mens

Lees Jesaja 55:1-11

1 Kom, almal wat dors is, kom na die water toe, selfs ook dié wat nie geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder om te betaal, wyn en melk.
2 Waarom betaal julle vir iets wat nie brood is nie, waarom werk julle vir iets wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My, sodat julle kan eet wat goed is en versadig kan word met die beste wat daar is. 3 Gee aandag en kom na My toe, luister, en julle sal lewe. Ek wil met julle ’n ewige verbond sluit, Ek wil my troue liefde aan julle betoon soos aan Dawid. 4 Ek het hom ’n getuie gemaak vir die volke, ’n regeerder en gebieder van volke. 5 Nou sal jy nasies ontbied wat jy nie geken het nie, en nasies wat jou nie geken het nie, sal na jou toe hardloop ter wille van die Here jou God, die Heilige van Israel, omdat Hy jou in eer herstel het. 6 Vra na die wil van die Here terwyl Hy nog te vinde is, roep Hom aan terwyl Hy nog naby is. 7 Die goddelose moet sy verkeerde pad laat staan, die slegte mens sy slegte planne. Hy moet hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom genadig wees; hy moet hom tot ons God bekeer, Hy vergewe altyd weer. 8 My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here; 9 soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes. 10 Die reën en die sneeu kom uit die hemel uit en dit gaan nie daarheen terug nie maar deurweek die aarde en laat die plante bot en vrugte dra, sodat daar saad is om te saai en brood om te eet. 11 So sal die woord wat uit my mond kom, ook wees: dit sal nie

onverrigter sake na My toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het.

1. Lees weer verse 2-5 en sê wat jou opgeval het.

   _____

   _____

2. Waar het jy al mense se dors na die Here raak gesien (vers 1)?

   _____

   _____

3. Wat is, na jou oordeel, die grootste bydrae wat ons as Christene kan maak in mense wat soekend is na die Here se lewens (vers 5)?

   _____

   _____

4. Vertel van 'n egte bekering of van iemand wat grondig verander het toe hy met die Here te doen gekry het (vers 7).

   _____

   _____

Mens tot medemens

- Bid vir dit wat sal moet verander sodat jy 'n bruikbare fontein kan wees.

  _____

  _____

  _____

  _____

- Kom ons bid oor hierdie saak en ook oor ander sake wat ons voorbidding benodig

  _____

  _____

  _____

  _____

Omgeebyeenkoms 6

Op 'n missie om suurdeeg en saad te wees

Mens tot mens

- Vertel van 'n keer toe God jou verras het met iets goed of mooi wat met jou gebeur het. Iets wat jy glad nie verwag het nie.
- Het jy al geestelike saad gesaai wat lank daarna eers opgekom en vrug gelewer het? Vertel?

DVD

Kyk na die DVD en gesels met mekaar daaroor.

Mens tot God

Wat 'n voorreg om met liefde en agting in die heiligdom, die teenwoordigheid van God, in te kom! Sing vir Hom liedere en bid lof- en dankgebede.

God tot mens

Lees **Matteus 13:1-8 en 18-23** rustig deur en gee tyd vir nadink.

Dieselfde dag het Jesus van die huis af gegaan en by die see gaan sit. [2]'n Groot menigte het so om Hom saamgedrom dat Hy in 'n skuit geklim en daarin gaan sit het, maar die mense het almal op die strand bly staan. Hy het hulle baie dinge in gelykenisse vertel en onder andere gesê: [3]"'n Saaier het eendag gaan saai. Met die saai het 'n deel van die saad op die pad geval, en [4]die voëls het gekom en dit opgepik. [5]'n Ander deel daarvan het op klipbanke geval, waar daar nie baie grond was nie, en dit het gou opgekom omdat die grond nie diep was nie. [6]Maar toe die son warm word, is dit verskroei, en omdat dit nie wortel geskiet het nie, het dit verdroog. [7]'n Ander deel het tussen die onkruid geval, en die onkruid het opgekom en dit laat verstik. [8]Die ander saad het in goeie grond geval en 'n oes gelewer, party honderdvoudig, ander sestigvoudig en ander dertigvoudig. [9]"Wie ore het, moet luister!"

<u>Jesus verklaar die gelykenis van die saaier</u>

[18]"Luister julle dan na wat die gelykenis van die saaier beteken: [19]Die Bose kom by elkeen wat die woord van die koninkryk hoor maar dit nie verstaan nie, en vat dan weg wat in sy hart gesaai is. Dit is hy by wie daar op die pad gesaai is. [20]Die man weer by wie daar op die klipbanke gesaai is, is hy wat die woord hoor en dit dadelik met blydskap aanneem. [21]Hy laat dit egter nie by hom wortel skiet nie, en hy hou nie lank uit nie. As hy ter wille van die woord verdruk en vervolg word, word hy gou afvallig. [22]Die man by wie daar tussen die onkruid gesaai is, is hy wat die woord

hoor, maar die bekommernis van die lewe en die verleidelikheid van rykdom verstik die woord, en dit bly sonder vrug. [23]Die man by wie daar op goeie grond gesaai is, is hy wat die woord hoor en dit verstaan. Hy dra inderdaad vrug en lewer 'n oes: soms honderdvoudig, soms sestigvoudig, soms dertigvoudig."

1. Wat het jou getref? Wat is vir jou interessant of mooi of duidelik op jou van toepassing?

   _____

   _____

2. Kyk weer na die 4 reaksies op die woord van die koninkryk:
   - Waar sien ons dit vandag die 4 reaksies?

     _____

     _____

   - Watter verantwoordelikheid het die plek/grond waarop daar gesaai word?

     _____

     _____

3. Net daarna vertel Jesus 'n ander gelykenis waarin Hy die mense van die koninkryk (vers 38) die goeie saad noem. Hoe verstaan jy dié beeld?

   _____

   _____

4. Wat het jy vandag geleer?

   _____

   _____

Mens tot medemens

- Besluit hoe jy hierdie week die saad gaan saai waar jy ook al beweeg

  _____

  _____

  _____

- Kom ons bid oor hierdie saak en ook oor ander sake wat ons voorbidding benodig

Omgeebyeenkoms 7

Op 'n missie om getuies van God se werk in ons te wees

Mens tot mens

- Moes jy al getuig in 'n saak of het jy al 'n hofsaak bygewoon waar getuig is? Vertel bietjie
- Waaroor gaan ons getuienis as Christene?

DVD

Kyk nou na die DVD en lewer kommentaar

Mens tot God

Loof die Heer. Hy is goed. Loof sy heilige Naam. Eer en verheerlik Hom nou in julle liedere. Geniet dit!

God tot mens

Lees Lukas 8:26-39

'n Besetene word van bose geeste bevry

[26]Daarna het hulle verder gevaar na die land van die Geraseners, wat reg teenoor Galilea lê. [27]Toe Jesus daar aan wal gaan, het 'n man van 'n dorp af Hom tegemoet gekom. Hy was van bose geeste besete en het 'n hele tyd al nie meer klere gedra nie en ook nie in 'n huis gebly nie, maar tussen grafte. [28]Toe hy Jesus sien, skreeu hy en val op sy knieë voor Hom neer terwyl hy hard uitroep: "Wat het U met my te doen, Jesus, Seun van God die Allerhoogste? Ek smeek U, moet my nie pynig nie!"

[29]Dit het hy gesê omdat Jesus die onrein gees beveel het om uit die man uit te gaan. Dit was 'n bose gees wat hom al baiekeer beetgepak het. Al het hulle hom met hand en voetboeie vasgemaak om hom in bedwang te hou, het hy die boeie uitmekaar geruk en is hy deur die bose gees die woestyn in gejaag.

[30]Toe vra Jesus hom: "Wat is jou naam?"

"Legio," antwoord hy, want daar het baie bose geeste in hom ingevaar. [31]Hulle het Jesus gesmeek om hulle nie na die onderaardse diepte toe terug te stuur nie.

[32]Daar het 'n hele trop varke teen die berg geloop. Die bose geeste het Jesus gesmeek om hulle toe te laat om in die varke in te vaar. Hy het hulle dit toegelaat, [33]en die bose geeste het uit die man uitgegaan en in die varke ingevaar. Die trop sit toe op loop teen die hang af, die see in, en hulle versuip.

[34]Toe die wagters sien wat gebeur het, hardloop hulle weg en gaan vertel dit in die dorp en op die plase. [35]Die mense gaan kyk toe wat gebeur het. Hulle kom by Jesus en daar kry hulle die man uit wie die bose geeste uitgevaar het. Hy sit by die voete van Jesus, met klere aan en by sy volle verstand, en hulle het bang geword. [36]Maar dié wat dit gesien het, het vir hulle vertel hoe die besetene genees is. [37]Toe het al die inwoners van die gebied van die Geraseners vir Jesus gevra om van hulle af weg te gaan omdat hulle baie bang was. Hy het toe in die skuit geklim en teruggegaan.

[38]Die man uit wie die bose geeste uitgevaar het, het Jesus gesmeek om by Hom te kan bly. Maar Jesus het hom weggestuur en gesê: [39]"Gaan terug na jou huis toe en vertel alles wat God vir jou gedoen het."

Hy het toe gegaan en die hele dorp deur bekend gemaak wat Jesus vir hom gedoen het.

1. Watter aspek van Legio se omvattende nood spreek jou die meeste aan? Hoekom?

   _____

   _____

2. Dink jy Legio se toestand beeld ook iets uit van die mense se nood vandag? Aan watter voorbeelde kan ons dink.

   _____

   _____

3. Waarom, dink julle, was mense bang toe hulle 'n totaal anderste (volkome gesonde) man sien? Dink julle dit is nog steeds 'n tipiese reaksie?

   _____

   _____

   _____

4. Kom ons gee vir hom 'n ander naam! "Legio" is mos nie meer van toepassing nie. Wat is jou voorstel?

   _____

   _____

   _____

5. Hy smeek Jesus in vers 38 om by hom te kan bly maar Jesus gee nie daaraan toe nie. Hoekom nie en wat beteken dit vir ons?

_____

_____

6. Wat het jy vandag geleer?

_____

_____

Mens tot medemens

- Vir wie moet jy alles wat God gedoen het gaan vertel hierdie week? Dalk by die huis?

_____

_____

_____

_____

- Kom ons bid oor hierdie saak en ook oor ander sake wat ons voorbidding benodig

_____

_____

_____

_____

Omgeebyeenkoms 8

Op ’n missie om draers van hoop te wees

Mens tot mens

- Hoe het jy oor kerk toe gaan gevoel toe jy in die laerskool was?
- Watter mens is vir jou ’n baie groot bron van inspirasie?

DVD

Kyk nou na die DVD en lewer kommentaar

Mens tot God

Loof en prys nou die Here! Begin eers met ’n paar lof- en dankgebede en sing dan liedere wat julle vooraf gekies het tot eer van die Here wat hier in ons midde is.

God tot mens

Lees Hebreërs 10:19-25

Laat ons met vrymoedigheid na God gaan

[19]Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, [20]en dit op ’n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam. [21]En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het, [22]laat ons tot God nader met ’n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van ’n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water. [23]Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het. [24]Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. [25]Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.

1. Lees weer verse 23-25 en laat elkeen sê wat hom of haar opval.

   _____

   _____

2. Wat is die verskil in die “hoop” wat ons in vers 23 van lees en wanneer iemand byvoorbeeld sê : “Ek hoop my span wen.”

   _____

   _____

3. Lees vers 23 weer en laat elkeen sê hoe jy "styf vashou aan die hoop wat ons bely."

_____
_____
_____

4. Wat laat mense van eredienste af wegbly? (vers 25)

_____
_____
_____

5. Sê hoekom kontak met ander Christene belangrik is vir jou geestelike groei? (vers 24)

_____
_____
_____
_____

Mens tot medemens

- Hoe kan ons as gelowiges hoop bring aan die wat moed verloor het?

_____
_____
_____
_____

- Laat elkeen 'n beurt kry om vir ander persone in die groep te sê in watter opsig hy/sy vir jou 'n voorbeeld is.
- Kom ons bid oor hierdie saak en ook oor ander sake wat ons voorbidding benodig

_____
_____
_____
_____

Omgeebyeenkoms 9

Op ’n missie om vredemakers te wees

Mens tot mens

Ons kom vandag aan die einde van ons reeks. Nou weet ons: Ons is God se spesiale mense, ons is sout, lig, gesante, briewe van Christus, fonteine, saad, getuies en draers van hoop.

- Dink vir ’n oomblik hoe sou die wêreld gewees het sonder die kerk en God se kinders en gesels daaroor.
- Ons gaan vandag gesels oor ons rol om vredemakers te wees. Uit die erediens het ons gehoor dat Jesus het aarde toe gekom om een groot rede en dit is om ons met God te versoen. Ons gaan later gesels oor ons rol as vredemakers in die wêreld. Voordat ons die Bybel gaan lees kom ons gesels eers oor hoe jy dink oor jou rol as ’n vredemaker. Merk die een wat jy is?

  Is jy iemand wat:

  - bang is om tussen twee mense in te kom wat baklei; of
  - preek vir mense wat in ontevredenheid leef; of
  - konflik net so los en glo tyd heel wonde; of
  - daarvan hou om konflik te veroorsaak en te “stir”; of
  - doen jy alles in jou vermoë om vrede tussen mense te bewerkstellig; of
  - enige ander manier

    _____

    _____

DVD

Kyk nou na die DVD en lewer kommentaar

Mens tot God

Kom ons loof en prys die Here! Begin eers met ’n paar lof en dank-gebede en dan sing ons liedere wat ons vooraf gekies het tot eer van die Here wat hier in ons midde is.

God tot mens

Lees die volgende verse oor vrede tussen mense en gesels dan met mekaar oor God se hart vir ons.

***[9]Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.* (Matteus 5:9)**

***[23]As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, [24]laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe.* Matteus 5:23-24**

***[18]As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.* (Romeine 12:18)**

***[17]Maar die wysheid wat van Bo kom, is allereers sonder bybedoelings, en verder is dit <u>vredeliewend</u>, inskiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, opreg. [18]Hierdie wysheid bring jou in die regte verhouding met God, en jy moet dit gebruik om <u>vrede</u> te maak.* (Jakobus 3:18)**

1. Wat staan soos 'n refrein geskryf in hierdie skrifgedeeltes?

   _____

2. Wat beteken vrede regtig? Kom ons as groep formuleer 'n goeie definisie vir vrede.

   _____
   _____
   _____
   _____

3. Hoe kan ons dit uitleef in 'n wêreld vol haat en oneenigheid?

   _____
   _____
   _____
   _____

4. Dink diep na oor jou eie lewe:

   - Is daar mense wat vir jou kwaad is met wie jy moet gaan regmaak?

     _____

     _____

   - Is daar mense vir wie jy kwaad is, met wie jy moet gaan vrede maak?

     _____

     _____

Mens tot medemens

- Is daar mense wat nog nie vrede met God het nie, vir wie ons moet bid en by wie ons moet uitkom? Kom ons maak 'n plan!

  _____

  _____

  _____

  _____

- Kom ons bid oor hierdie saak en ook oor ander sake wat van ons voorbidding vra.

  _____

  _____

  _____

  _____